PRINCE ALBERT

Woensdag, 9 September 2020 het FARR, Prince Albert Internasionale FASA dag op Leeu-Gamka gevier. Gemeenskapswerker, Moira Prins, het die verrigtinge gelei deur die simboliek van die FASAknoop te verduidelik; ‘n minuut stilte te vra vir almal wat deur FASA geaffekteer is/was en om 9h09 die stilte verbreek deur ‘n klok te lui en ons bewusmakings staptog lekker lawaaierig af te skop. Lede van die gemeenskap en sommige gesondheidspersoneel het die staptog van die munisipale kantore tot by die FARR kantoor in Asterstraat, onder begeleiding van die plaaslike SAPD meegemaak. Orals langs die pad is FASAknope uitgedeel aan gemeenskapslede en die FASAboodskap gedeel. Die prettige verrigtinge is afgesluit met ‘n koue koeldrank en heerlike FARR koek, wat Alida Bothma vir ons gebak het aan almal wat saam gestap het.

Think BEFORE
You DRINK

adidas
nk BEFORE
ou DRINK